- (5) The assessment committee may request written or oral submissions from any person or authority which may be necessary to properly assess the merit of the complaint.

- (6) Any such request to a person or authority to provide a submission must be made by written notice and delivered by registered post or delivered by hand directly to the relevant person requesting information or to the executive authority of the organization or organ of state where the information is kept.
- (7) The assessment committee, after considering all the relevant factors and available information, must report in writing to the Board on the outcome of such assessment within seven days of making an assessment.
- (8) The Chairperson must table the assessment committee's report for discussion at the next Board meeting.
- (9) The Board may request the assessment committee to further investigate the complaint if the response is not considered adequate.
- (10) If the Board, after considering the report and recommendations of the assessment committee, has made a decision that the complaint should be pursued, the Chairperson must, within ten days, communicate such decision in writing to the complainant and to any other party that may be involved.
- (11) If the Board has made a decision not to pursue the complaint after considering the report and any recommendations of the assessment committee, it must, within ten days of the decision, inform the complainant in writing of such decision and the reason for such decision.
- (12) If an assessment relates to an alleged criminal act, the Board must submit the complaint and any documents the assessment committee may have obtained, within ten days to —
 - (a) the National Commissioner for investigation; or
 - (b) a relevant authority for further action and finalization.
- (13) If a complaint is referred to a relevant authority, the authorized officer of the NFDD must ensure that full cooperation, assistance and support is provided to the relevant authority.
- (14) The findings and any recommendation of the Board may be communicated to the National Commissioner or the relevant authority for information and follow-up.

- (15) If an assessment relates to an act of misconduct requiring disciplinary action against a member of the Service or IPID, the Board must submit the complaint and any documents the assessment committee may have obtained, together with the reasons for the recommendation, within ten days to –
 - (a) the National Commissioner for further investigation and finalization, if the alleged act of misconduct relates to a member of the Service; or
 - (b) the Executive Director of IPID for further action and finalization, if the alleged act of misconduct relates to a member of IPID.
- (16) The National Commissioner or the Executive Director, as the case may be, must consider and give effect to the Board's findings and any recommendations.
- (17) If the National Commissioner or the Executive Director fails or refuses to implement the Board's recommendation, the National Commissioner or the Executive Director must provide written reasons for such failure or refusal to the Chairperson within 10 days of receipt of the report and recommendations.
- (18) If the Board is not satisfied with the reasons provided, it may refer the report and recommendations to the Minister of Police within 14 days after being informed thereof.

22 Alternative dispute resolution

- (1) The Board may, if it deems it necessary in the interests of service delivery, proceed to resolve a complaint through the mediation and conciliation process contemplated in section 15Z(d)(iii) of the Act.
- (2) The decision to refer the complaint for resolution or mediation and conciliation must be done in consultation with the complainant and the affected party.
- (3) If the informal resolution or mediation fails, the Board may refer the matter complained of to the Minister for direction.
- (4) In the case where a criminal act is alleged to have been committed by a person subject to an assessment, the Board must refer the matter to the relevant authorities for further action.
- (5) The Board must ensure that recommendations regarding disciplinary matters are referred to –
 - (a) the National Commissioner;
 - (b) the Executive Director; or
 - (c) any other relevant authority.

23 Reports

- (1) The report contemplated in section 15AA(5) containing recommendations regarding disciplinary action against a member of the Service, IPID, or any other relevant authority must be furnished to the National Commissioner, the Executive Director of IPID or the head of the relevant executive authority, as the case may be.
- (2) The National Commissioner, the Executive Director of IPID or the head of the relevant authority to which the report and recommendation have been submitted, must provide the Chairperson with a written report within one month of receipt of the recommendations on the outcome or disciplinary action.
- (3) The Chairperson must ensure that a report is compiled on the status of all complaints received and assessed, including, but not limited to, any systemic matter that constitutes an abuse of power, impropriety or prejudice to any person or community that lodged a complaint.
- (4) The Chairperson must ensure that the report referred to sub-regulation (5) is submitted to the Minister on a bi-annual basis.
- (5) The report contemplated in section 15Z(6) of the Act must contain —
 - (a) the number of complaints received;
 - (b) the nature of the complaints;
 - (c) the number of complaints which the Board decided were well-founded;
 - (d) the number of complaints which have been referred to —
 - (i) the National Commissioner;
 - (ii) the Executive Director of the Independent Police Investigative Directorate; and
 - (iii) any other relevant authority; and
 - (e) a summary of —
 - (i) the subject matter of complaints that the responsible body received;
 - (ii) any matters of general importance arising out of those complaints, or the way in which the complaints were handled;
 - (iii) any matter where action has been or is to be taken to improve services as a consequence of those complaints.
- (6) The report contemplated in section 15Z(6) of the Act, must be sent as soon as is reasonably practicable to any authority established by law regulating the protection of personal information.

24 Register

- (1) The Chairperson must ensure that all complaints are categorized and kept in a register.

- (2) The register must contain —
 - (a) details of every complaint that is lodged;
 - (b) details of the nature and category of each complaint;
 - (c) the date of receipt of the complaint;
 - (d) the date of referral of the complaint to the committee for assessment;
 - (e) the outcome of the assessment of each complaint; and
 - (f) the outcome of disciplinary action that has been recommended.

25 Public awareness

The Board must make information available to the public as to —

- (a) the arrangements for dealing with complaints; and
- (b) how additional information about those arrangements may be obtained.

26 Access to the forensic DNA profile and crime scene sample for exoneration purposes

- (1) Any person who believes he or she has wrongfully been convicted of an offence may, in writing, request the authorised officer to have access to the forensic DNA profile derived from a crime sample that was collected and submitted to the Forensic Science Laboratory in a particular case.
- (2) The request must contain the relevant station and case number in respect of which it is alleged that there was a wrongful conviction and the request must set out reasons why the forensic DNA profile is required.
- (3) The authorised officer or his or her delegate must consider the request within 30 days after having received the request at the Forensic Science Laboratory. If a request is refused, written reasons must be provided.

27 Forensic awareness, investigation and examination interventions

- (1) The National Commissioner must take appropriate measures to implement a forensic awareness program for police officials and the public.
- (2) The Divisional Commissioner: Human Resource Development must, after consultation with the authorised officer, develop training programs to ensure that police officials from the Divisions: Visible Policing and Detective Service are trained on the provisions and application of the Act.
- (3) The authorised officer must appoint staff to develop training programmes and ensure that crime scene examiners are trained on —
 - (a) the processing and examination of different types of crime scenes;
 - (b) performing preliminary tests for bodily fluids;
 - (c) the manner in which the integrity of a crime scene must be properly secured and maintained;

- (d) the evidential value and packaging of exhibit material; and
 - (e) the provisions of the Act.
- (4) The authorised officer must liaise with the National Prosecuting Authority and, if so requested, provide assistance in respect of the training of prosecutors on the importance of forensic evidence and the interpretation of forensic report findings.

28 Information technology infrastructure and systems

- (1) The Divisional Commissioner: Technology Management Services must, after consultation with the authorised officer, implement and maintain information technology systems to —
- (a) support an efficient DNA examination service;
 - (b) ensure that effective system solutions are maintained for the capturing of fingerprint numbers and buccal samples, together with the suspect information on CAS/ICDMS system and CRIM system;
 - (c) perform the comparative search, verification of potential forensic investigative leads, linking forensic DNA investigative leads to other forensic investigative leads, reporting of forensic DNA investigative leads and administration of the NFDD;
 - (d) provide for adequate system solutions to support the combining and management reporting of different forensic investigative leads (such as forensic DNA, ballistics and fingerprints) to the investigating officers on the CAS/ICDMS and BI systems; and
 - (e) provide adequate system solutions to provide members of the detective service functionality to manage unsolved serial and multiple offender cases and compile a profile of persons and suspects identified through forensic investigative leads.
- (2) The information technology systems for DNA examinations and system solution of the NFDD must have adequate security measures to prevent unauthorised access and maintain data integrity, including annual risk assessments and adequate disaster recovery measures. The Divisional Commissioner: Technology Management Services must annually report to the Board on measures taken to ensure the integrity of the data on the casework systems and NFDD system.
- (3) The Divisional Commissioner: Technology Management Services and the Managing Director of the State Information Technology Agency must ensure that risk assessments on the data integrity, access and security including disaster recovery is performed within 60 days after the coming into operation of the Act, on the system solution for the NFDD, CRIM, CAS/ICDMS, DE-STRIlab, AFIS, IBIS, FSL Admin, PCEM and other forensic systems.
- (4) A risk assessment must be conducted on an annual basis to ensure the data integrity and the effectiveness of the security measures.

- (5) The risk assessment report must take into consideration current industry standards, identify shortcomings and recommend measures to address the shortcomings and best practices. The risk assessment report and the implementation plan to address and resolve the identified shortcomings must be submitted to the Minister of Police within 30 days after the risk assessment has been performed.
- (6) The Divisional Commissioner: Technology Management Services and the Managing Director of the State Information Technology Agency must report on a quarterly basis to the Minister of Police on the progress with mitigating the risks identified.

29 General

- (1) The Divisional Commissioner: Human Resource Development must ensure that authorised persons are properly trained in the taking of buccal samples.
- (2) The Divisional Commissioner: Detective Service must, —
 - (a) within 90 days of the commencement of the Act, obtain a list of offenders who are serving a sentence of imprisonment in respect of an offence referred to in Schedule 8, as well as persons who have been released on parole or under correctional supervision in respect of an offence referred to in Schedule 8 from the Department of Correctional Services;
 - (b) compile an action plan for implementation to support the taking of buccal samples from persons referred to in sub-regulation (a), as well as persons awaiting trial under the Criminal Procedure Act; and
 - (c) liaise with the authorised officer to ensure that the forensic DNA profiles of persons referred to in sub-regulations (a) and (b) are included in the NFDD.
- (3) The National Commissioner must, within 90 days of the commencement of the Act, ensure that assessment tools are implemented to measure the effectiveness and timely compliance with —
 - (a) the submission of buccal and crime samples to the Forensic Science Laboratory for examination;
 - (b) the performance of forensic DNA analysis of buccal samples and crime scene samples; and
 - (c) responding to, and performing follow-up of unsolved forensic investigative leads.
- (4) The National Commissioner must ensure that cases are re-opened and appropriately reflected as such in the case docket diary of the CAS/ICDMS if forensic investigative leads are identified.

- (5) A case where a forensic investigative lead has been reported may only be closed on the CAS/ICDMS if so authorised by the detective commander, after the unsolved investigative lead has been investigated and followed-up.
- (6) The authorised officer must, in consultation with the Divisional Commissioner: Technology Management Service, create a national central repository for forensic animal DNA profiles. Access to this repository may be granted to testing laboratories performing animal forensic DNA analysis.
- (7) The authorised officer may determine national standards for testing laboratories that perform animal forensic DNA analysis and may facilitate research with academic institutions and other facilities to develop procedures, best practices and chemistries in the identification of animal DNA for forensic purposes or criminal investigation.
- (8) The Director General: Department of Justice and Constitutional Development must provide the authorised officer or person designed by him or her, on a monthly basis, of the particulars of persons whose names have been included in the National Register for Sex Offenders contemplated in section 50(1) of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2008 (Act No. 32 of 2008).
- (9) The National Commissioner must, in consultation with the Department of Public Works, ensure that adequate forensic facilities are provided and maintained in accordance with the relevant accreditation standards.
- (10) The Director General: Department of Public Works must, after consultation with the authorised officer, on an annual basis, provide the Minister of Police with a risk assessment of the laboratory facilities provided for forensic services which addresses the following matters:
 - (a) the quality and adequacy of the facilities;
 - (b) maintenance measures to support the utility of the facilities;
 - (c) the manner in which the shortcomings identified in the risk assessment will be addressed;
 - (d) steps taken to ensure that the accreditation status or quality management program of the forensic service is not negatively impacted by the current state of the facility;
 - (e) the refurbishment of facilities to support the implementation of new technologies and instrumentation to improve forensic services; and
 - (f) provision of adequate storage facilities for the safekeeping of exhibits and case files and measures taken to ensure that the exhibits and case files in storage are not compromised.

No. R. 207

13 Maart 2015

WYSIGINGSWET OP DIE STRAFREG (FORENSIESE PROSEDURES), WET
37 VAN 2013

FORENSIESE DNS REGULASIES, 2015

Die Minister van Polisie het, ingevolge artikel 15AD van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, die regulasies in die Bylaag gemaak.

MINISTER VAN POLISIE
NPT NHLEKO, MP

BYLAAG

1. Woordomsrywings

In hierdie Regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

- (a) “**die Wet**” die Wysigingswet op die Strafreë (Forensiese Prosedures), 2013 (Wet No. 37 van 2013);
- (b) “**DNS ooreenstemming**” die positiewe uitslag van ‘n vergelyking tussen enige twee of meer bekende of onbekende forensiese DNS profiele;
- (c) “**DNS verwysingsmonsters**” ‘n wangholtemonster of bloedmonster wat van ‘n persoon geneem is;
- (d) “**forensiese DNS ondersoekleidraad**” die uitslag van ‘n vergelykende soektog wat op die forensiese DNS databasis gedoen is;
- (e) “**FSL admin-stelsel**” die administrasieselsel van die Forensiese Wetenskap Laboratorium wat gebruik word om forensiese sake te bestuur;
- (f) “**klaer**” ‘n persoon wat ‘n klagte ingevolge hierdie regulasies aanmeld;
- (g) “**klagte**” ‘n klagte soos in artikel 15Z(1)(d)(i) van die Wet bedoel;
- (h) “**komitee**” ‘n komitee van die Raad soos bedoel in artikel 15AA(2) van die Wet;
- (i) “**Raad**” die Nasionale Raad vir Forensiese Oorsig en Etiek wat ingevolge artikel 15V(1) van die Wet gevestig is;
- (j) “**Strafproseswet**” die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977); en
- (k) “**voorsitter**” die voorsitter van die Raad.

2. Die neem van 'n DNS monster

- (1) Die gemagtigde persoon moet toesig hou oor die neem van 'n wangholtemonster van 'n persoon wat so 'n monster moet verskaf, maar verkies om die monster self te neem.
- (2) Die versameltoerusting vir 'n DNS verwysings (wangholtemonster) moet gebruik word om die wangholtemonster te versamel.
- (3) In die afwesigheid van 'n wangholtemonster, of op die bepaalde versoek van 'n persoon waarvan die monster vereis word, kan 'n kontrole bloedmonster deur 'n geregistreerde mediese praktisyn of geregistreerde verpleegster geneem word.
- (4) Die persoonsbeskermende klere wat in die DNS verwysings (wangholtemonster) versameltoerusting verskaf word, moet deur die gemagtigde persoon gedra word wanneer 'n wangholtemonster van enige persoon geneem word. Daar moet oor die persoonsbeskermende klere wat in die DNS verwysings (wangholtemonster) versameltoerusting verskaf word, beskik word deur die items in die oorspronklike verpakking (sak) van die toerusting te plaas, wat weer aan die bewysstukverseëlingsak wat die DNS verwysingsmonster bevat, geheg moet word.
- (5) 'n Slagoffer van 'n seksuele misdryf moet vir die regsgeneeskundige ondersoek na 'n geregistreerde mediese praktisyn of geregistreerde verpleegster geneem word.
- (6) Die toepaslike bewysstukversameltoerusting vir die ondersoek van 'n slagoffer van 'n seksuele misdryf moet aan die geregistreerde mediese praktisyn oorhandig word ten einde forensiese bewysstukke te versamel. Die ondersoekbeampte moet verseker dat die bewysstukversameltoerusting so gou as moontlik, maar in elke geval binne 30 dae na die ondersoek, aan die Forensiese Wetenskap Laboratorium vir forensiese DNS ontleding gestuur word.
- (7) Slegs 'n geregistreerde mediese praktisyn of geregistreerde verpleegster mag 'n intieme monster van enige persoon neem.
- (8) Die gemagtigde persoon moet die wangholtemonster onmiddellik neem nadat die vingerafdrukke van die persoon geneem is.

3. Die byhou van rekords ten opsigte van versamelde wangholtemonsters en misdaadtoneelmonsters

- (1) **Monsters geneem van 'n gearresterde persoon**
 - (a) Wanneer 'n wangholtemonster van 'n gearresterde persoon geneem is, moet die DNS verwysings (wangholtemonster) versameltoerusting gebruik word en sy of haar vingerafdrukke op vorm SAPD 76 geneem word.

- (b) Die unieke strepieskodevorm-verwysingsnommer van die DNS verwysings (wangholtemonster) versameltoerusting moet op vorm SAPD 76 en op die versamelvorm (voorsien tesame met die DNS verwysings (wangholtemonster) versameltoerusting) aangeteken word. Die oorspronklike versamelvorm moet in die dossier geliasseer word en die afskrif van die vorm, tesame met die wangholtemonster, moet in die bewysstukverseëlingsak geplaas word.
 - (c) Die versamelvorm (wat saam met die DNS verwysings (wangholtemonster) versameltoerusting verskaf is) moet voltooi word voordat die monster geneem word.
 - (d) Die vorm SAPD 76, die strepieskodenommer op die bewysstukverseëlingsak en die unieke strepieskodeverwysingsnommer van die DNS verwysings (wangholtemonster) versameltoerusting en die besonderhede van die persoon van wie die wangholtemonster geneem is, moet onmiddellik op die MAS/ICDMS-stelsel aangeteken word nadat die monster geneem is.
 - (e) Die volgende kontakbesonderhede van die gearreesteerde persoon moet, indien beskikbaar, op die MAS/ICDMS-stelsel aangeteken word sodra 'n monster geneem is:
 - (i) selfoonnommer;
 - (ii) eposadres; en
 - (iii) pos- of residensiële adres.
- (2) Monsters geneem van persone vir ondersoekdoeleindes**
- (a) Indien 'n wangholtemonster vir ondersoekdoeleindes geneem is van 'n persoon wat nie gearreesteer is nie, moet die DNS verwysings (wangholtemonster) versameltoerusting gebruik word en sy of haar vingerafdrukke op vorm SAPD 192 geneem word.
 - (b) Die oorspronklike versamelvorm moet in die saakdossier liasseer word en die afskrif van die vorm, tesame met die wangholtemonster, moet in die bewysstukverseëlingsak geplaas word.
 - (c) Die kontakbesonderhede van die persoon van wie die wangholtemonster geneem is, (insluitende die selfoonnommer, indien beskikbaar) moet in die ondersoekdagboek (SAPD 5) van die saakdossier aangeteken word.

- (3) Monsters versamel deur die Onafhanklike Polisie-onderzoek-direktoraat**
- (a) Indien 'n wangholtemonster versamel word (met gebruik van die DNS verwysings (wangholtemonster) versameltoerusting) deur 'n gemagtigde persoon namens OPOD en dit is nie op die MAS/ICDMS-stelsel aangeteken nie, moet die vingerafdrukke van die persoon op vorm SAPS 192 geneem word. Die gemagtigde persoon moet duidelik op die versamelvorm aandui dat die monster vir ondersoekdoeleindes versamel is.
 - (b) Die oorspronklike versamelvorm moet in die saakdossier geliasseer word en die afskrif daarvan moet saam met die wangholtemonster in die bewysstukverseëlingsak geplaas word. Die woorde "vir ondersoekdoeleindes" moet op die bewysstukverseëlingsak, asook in die dekbrief aangebring word.
 - (c) Die versamelvorm wat in die DNS verwysings (wangholtemonster) versameltoerusting verskaf word, moet voltooi word.
 - (d) Die kontakbesonderhede van die persoon van wie die wangholtemonster geneem is (insluitende sy of haar selfoonnommer, indien beskikbaar), moet in die ondersoekdagboek (SAPD 5) in die saakdossier aangeteken word.
- (4) Speurbevelvoerders moet die MAS/ICDMS op 'n weeklikse basis inspekteer en verseker dat die inligting korrek op die MAS/ICDMS aangeteken is. Die feit dat 'n inspeksie gedoen is, moet in die Voorvalleboek (SAPD 10) aangeteken word.
- (5) Beamptes wat verantwoordelik is vir die verwerking van vorm SAPD 76 by die Komponent: Kriminele Rekord en Misdaadtoneelbestuur moet verseker dat die unieke strepieskode-verwysingsnommer van die DNS verwysingsmonsterversameltoerusting wat op vorm SAPD 76 aangeteken is, tesame met die vingerafdruknommer en die besonderhede van die persoon wat gearrester of aangekla is op die KRIM stelsel aangeteken word.
- (6) Enige kantoor of plek wat privaat is, buite sig en gehoor van ander persone, mag gebruik word as 'n plek waar 'n wangholtemonster geneem kan word.
- (7) Die wangholtemonster moet geneem word in die teenwoordigheid van 'n getuie wat die versamelvorm moet onderteken.

- (8) Die speurbevelvoerder of aangewese persoon moet die nodige stappe doen om te verseker dat elke liggaamlike monster wat geneem is, so gou as moontlik, maar in elke geval binne 30 dae nadat die monster geneem is, vir ondersoek na die Forensiese Wetenskap Laboratorium gestuur word.
- (9) Die neem van 'n nuwe wangholtemonster ter vervanging van 'n vorige monster, moet binne 30 dae na ontvangs van 'n versoek van die Forensiese Wetenskap Laboratorium geskied.
- (10) Die speurbevelvoerder moet maandelikse inspeksies uitvoer by die SAPD 13 store om te verseker dat geen liggaamlike monsters vir 'n langer tydperk as 30 dae by die stasie gehou word nie. Die inspeksie moet ook verseker dat liggaamlike monsters wat nog nie vir ontleding na die Forensiese Wetenskap Laboratorium gestuur is nie, behoorlik aangeteken word en veilig in die bewysstukstoor bewaar word en in die SAPD 13-register aangeteken word. Die feit dat 'n inspeksie gedoen is en enige regstellende stappe wat geneem is, moet in die voorvalleboek aangeteken word.

4. Bewaring en tydige oorplasing van versamelde monsters na die Forensiese Wetenskap Laboratorium

- (1) Die goedgekeurde bewysstukversameltoerusting en DNS verwysings (wangholtemonster) toerusting wat spesifiek ontwikkel is vir die doel van versameling van forensiese DNS bewysstukke moet gebruik word vir die versameling van onderskeidelik DNS bewysstukke en wangholtemonsters.
- (2) Die bewysstukversameltoerusting moet in 'n bewysstukverseëlingsak verpak word en moet duidelik die betrokke stasie en MAS-nommer aandui, voordat dit na die Forensiese Wetenskap Laboratorium gestuur word, tensy dwingende redes bestaan (soos die grootte van die forensiese verseëlingsak) wat die verpakking daarvan in die verskafde bewysstukverseëlingsak belemmer.
- (3) Indien die bewysstukversameltoerusting nie beskikbaar is nie of daar dwingende redes bestaan, soos bedoel in sub-regulasie (2), moet die betrokke speurder met die Forensiese Wetenskap Laboratorium skakel om te bepaal op watter wyse die bewysstuk of monster hanteer moet word.
- (4) Die forensiese bewysstukverpakking in die gemerkte bewysstukverseëlingsak mag by wyse van 'n betroubare koerierdiens na die Forensiese Wetenskap Laboratorium versend word. Indien die hantering van die voorwerpe by wyse van 'n volg-en-opsporingstelsel gemonitor word, moet hierdie stelsel deur die gemagtigde beampte of 'n persoon wat daarvoor aangewys is, geoudit word.

- (5) Redelike stappe moet gedoen word om te verseker dat die bewysstukke of monsters nie aan agteruitgang weens hitte blootgestel word nie.
- (6) 'n Wangholtemonster moet —
- (a) nie saam met ander bewysstukke verpak word nie;
 - (b) in 'n aparte bewysstukverseëlingsak verpak en aan die Forensiese Wetenskap Laboratorium gestuur word; en
 - (c) vergesel word van 'n dekbriëf (wat uitdruklik versoek dat dit met misdaadtoneelmonsters wat voorheen na die Forensiese Wetenskap Laboratorium gestuur is of nog gestuur sal word, vergelyk word).
- (7) 'n Dekbriëf moet aan die gemerkte bewysstukverseëlingsak, wat die wangholtemonster bevat, geheg word en na die Forensiese Wetenskap Laboratorium gestuur word. Die volgende inligting moet in die dekbriëf vermeld word:
- (a) strepieskodenommer van die wangholtemonster;
 - (b) stasie en MAS-nommer of die nommer van die verwysingsmonster, waar toepaslik;
 - (c) daar moet aangedui word of die wangholtemonster geneem is van 'n —
 - (i) kind;
 - (ii) gearresterde persoon;
 - (iii) slagoffer of klaer;
 - (iv) persoon wat ondersoek word, maar nie gearrester is nie (met sy of haar ingeligte toestemming of magtiging van die hof); of
 - (v) familielid van 'n vermiste persoon of ongeïdentifiseerde menslike oorskot; en
 - (d) of die liggaamlike monster of misdaadtoneelmonster afkomstig is van —
 - (i) 'n vermiste of ongeïdentifiseerde persoon; of
 - (ii) ongeïdentifiseerde menslike oorskot.
- (8) Die Forensiese Wetenskap Laboratorium kan versoek dat wangholtemonsters gestuur word om na te gaan of 'n persoon se forensiese DNS profiel dieselfde is as die forensiese DNS profiel wat op bewysstukke gevind is. Die Forensiese Wetenskap Laboratorium mag in korrespondensie na sodanige monster as 'n "bevestiging DNS verwysingsmonster" verwys. By die versending van die bevestiging DNS verwysingsmonster, moet die bewysstukverseëlingsak as "bevestiging DNS verwysingsmonster" gemerk word en moet dit ook duidelik so in die dekbriëf aangedui word.

- (9) Die speurbevelvoerder moet behoorlike bestuur van versoeke vir bevestigende DNS-verwysingsmonsters verseker. Dit kan insluit maandelikse dossierinspeksies om te bepaal of 'n wangholtemonster van 'n persoon inderdaad vir ontleding na die laboratorium gestuur is.
- (10) Die gemagtigde beampte mag die Forensiese Wetenskap Laboratorium bepaal waarheen wangholtemonsters en bewysstukke gestuur moet word.

5. Uitvoering van vergelykende soektogte

- (1) Die administrasie, instandhouding en vergelykende soektogte op die NFDD moet onafhanklik van die ontleding, bewaring en beskikking van DNS monsters gedoen word deur bevoegde forensiese ondersoekers verbonde aan die Kwaliteitsbestuurskomponent in die Afdeling: Forensiese Dienste.
- (2) Onderzoekers in die Forensiese Wetenskap Laboratorium moet verseker dat die volgende inligting aangeteken word op die toepaslike inligtingtegnologiesestelsel wat gebruik word om die ontleding van liggaamlike monsters te bestuur:
- (a) die strepieskode van die wangholtemonster;
 - (b) die stasie en MAS/ICDMS-nommer, waar toepaslik;
 - (c) of die wangholtemonster geneem is van 'n —
 - (i) kind;
 - (ii) gearresterde persoon;
 - (iii) persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf;
 - (iv) persoon wat ondersoek word, maar nie gearrester is nie en met sy of haar ingeligte toestemming of gemagtig ingevolge artikel 36E(2) van die Strafproseswet;
 - (v) polisiebeampte, of enige ander persoon wat as deel van sy of haar amptelike pligte, 'n misdaadtoneel bywoon of verwerk;
 - (vi) polisiebeampte, of enige ander persoon, wat besig mag wees om misdaadtoneelmonsters of liggaamlike monsters vir forensiese ontleding verwerk of ondersoek;
 - (vii) persoon wat direk betrokke is by die diens of kalibrasie van toerusting in laboratoriums wat in die forensiese DNS ontledingproses gebruik word;
 - (viii) persoon wat 'n forensiese DNS laboratorium betree;
 - (ix) kontrakteur of verskaffer wat direk betrokke is in die vervaardiging van verbruikersgoedere, toerusting, gereedskap of reagense;
 - (x) slagoffer van die misdryf; of
 - (xi) familielid van 'n vermiste persoon of ongeïdentifiseerde menslike oorskot; en
 - (d) of die liggaamlike monster of misdaadtoneelmonster afkomstig is van —
 - (i) 'n vermiste persoon of ongeïdentifiseerde persoon; of

(ii) ongeïdentifiseerde menslike oorskot.

- (3) Die NFDD-stelsel of die saakbestuurstelsel (totdat die NFDD-stelsel beskikbaar is) moet gebruik word om vergelykende soektogte uit te voer om potensiële forensiese DNS leidrade te identifiseer. Potensiële forensiese DNS leidrade moet deur bevoegde forensiese ondersoekers van die NFDD nagegaan word voordat forensiese DNS leidrade aan ondersoekbeamptes gerapporteer word.

6. Kommunikasie van forensiese DNS bevindings en verwante inligting

- (1) 'n Polisiebeampte, lid van OPOD of beampte van die hof moet skriftelik versoek dat 'n ondersoek gedoen word en bevindings gemaak word oor bewysmaterial wat aan die Forensiese Wetenskap Laboratorium gestuur is. 'n Versoek vir ondersoek moet alle bewysstukke vergesel wat aan die Forensiese Wetenskap Laboratorium gestuur word.
- (2) Indien die hofdatum bekend is tydens die versending van die bewysstukke, moet die hofdatum uitdruklik in die dekbrieff wat die bewysmaterial vergesel, aangedui word.
- (3) Die besonderhede van die persoon en die hofdatum moet op die MAS/ICDMS en KRIM stelsels opdateer word. Die ondersoek-beampte moet so gou as moontlik, maar binne 7 dae nadat hy of sy bewys word van die bevindings van die hof, die seksie, wat verantwoordelik is vir die bestuur van die forensiese databasis in die Afdeling: Forensiese Dienste, inlig.
- (4) 'n Forensiese analis verbonde aan die Forensiese Wetenskap Laboratorium moet verseker dat forensiese DNS profiele van 'n misdadaadmonster, liggaamlike monster en wangholtemonster binne 30 dae na die ontvangs daarvan by die Forensiese Wetenskap Laboratorium, onttrek word. Die forensiese analis moet die betrokke ondersoekbeampte inlig van die uitslag van die ontleding. Die verslag van die uitslag van die ontleding moet deur die ondersoekbeampte in die polisie-dossier ingesluit word.
- (5) Die forensiese analis moet die ondersoekbeampte inlig van die uitslag van die ondersoek en die toetse vir doeleindes van artikel 212(6)(a) en (b) van die Strafproseswet indien —
- (a) die persoon wat ondersoek word of die DNS van 'n verdagte ooreenstem met die DNS wat in die misdadaadtoneelmonster gevind is;
 - (b) die identifikasie van menslike oorskot gedoen is;
 - (c) voorlopige toetse op die bewysmaterial in die saak negatief is of geen DNS gevind kon word in die betrokke misdadaadtoneelmonster nie;

- (d) 'n persoon wat ondersoek word of 'n verdagte uitgeskakel kan word deur die DNS wat in die misdaadtoneelmonster gevind is; en
 - (e) DNS in misdaadtoneelmonsters in die saak gevind is, maar geen ooreenstemming gevind kon word nie, aangesien geen wangholtemonster vir vergelyking deur die Forensiese Wetenskap Laboratorium ontvang is nie.
- (6) Die ondersoekbeampte moet, bykomend tot die verslag, wat deur 'n stelselkennisgewing by wyse van die FSL admin-stelsel aan die dossierdagboek van die MAS/ICDMS-stelsel gestuur is, ingelig word indien —
- (a) die voorlopige toetse negatief is;
 - (b) die forensiese DNS van 'n verdagte deur die DNS wat in die bewysstukke gevind is, uitgeskakel is;
 - (c) die forensiese DNS van 'n verdagte ooreenstem met die DNS wat in die bewysstukke, wat ondersoek is, gevind is;
 - (d) geen forensiese DNS bevinding gemaak kon word nie;
 - (e) menslike oorskot of 'n vermiste persoon geïdentifiseer is; en
 - (f) verskillende sake met mekaar verbind word of 'n verdagte aan verskillende sake verbind word.
- (7) Die Forensiese Wetenskap Laboratorium mag 'n prosesverwante-stelsel implementeer met verskillende spanne om DNS misdaadmonsters, liggaamlike monsters en DNS verwysingsmonsters te verwerk. Die DNS prosesspanne kan, onder andere, bestaan uit persone verantwoordelik vir —
- (a) die ontvangs en registrasie van sake ooreenkomstig forensiese saakbestuur;
 - (b) bewysstuk-herwinning;
 - (c) versending van DNS misdaadmonsters, liggaamsmonsters en wangholtemonsters na die DNS ontledingsproseslaboratorium;
 - (d) die DNS ontleding-proseslaboratorium;
 - (e) die monitering van die DNS ontledingsproses; en
 - (f) die ontleding van forensiese DNS profiele en verwante data, wat uit die monsters onttrek is om 'n DNS verslag saam te stel.
- (8) Die forensiese ondersoeker moet van die bevinding in die saak, soos beoog in sub-regulasies (6) en (7), ingelig word.
- (9) Die ondersoekbeampte wat verantwoordelik is vir die ondersoek van 'n bepaalde saak moet ingelig word van forensiese ondersoekleidrade. Die stelseloplossing van die NFDD moet die forensiese ondersoekleidrade aan die dossierdagboek van die MAS/ICDMS-stelsel kommunikeer.

- (10) Die ondersoekbeampte moet forensiese leitrade ondersoek, opvolg en vordering in die dossierdagboek van die MAS/ICDMS-stelsel van elke betrokke saak aanteken. Die ondersoekbeampte moet vordering aan die seksiehoof by die Afdeling: Forensiese Dienste verantwoordelik vir die NFDD rapporteer.

7. DNS ontledings wat by die Forensiese Wetenskap Laboratoriums uitgevoer is

- (1) Forensiese DNS ontledings moet ooreenkomstig die Kwaliteitsbestuurstelsel van die Forensiese Wetenskap Laboratorium, gebaseer op ISO17025 uitgevoer word.
- (2) Die Forensiese Wetenskap Laboratorium moet forensiese DNS ontleding doen ten opsigte van alle sake en wangholtemonsters wat by die laboratorium ontvang is.
- (3) Sake waarby DNS betrokke is, met vasgestelde hofdatums en bekende verdagtes moet voorkeur geniet en voltooi word binne die tydbestek soos met die aanklaer ooreengekom.
- (4) Sake wat geïdentifiseer is as sake waar 'n reeksmisdadiger betrokke is of waar 'n oortreder by meervoudige misdade betrokke is, moet voorkeur by die Forensiese Wetenskap Laboratorium geniet en binne 30 dae (na bevestiging ontvang is van DNS verwysingsmonsters of bevestiging dat die sake verbind word), voltooi word. Die Hoof: Forensiese Wetenskap Laboratorium moet maatreëls instel om die nakoming daarvan te verseker.
- (5) Die Forensiese Wetenskap Laboratorium moet verseker dat forensiese DNS profiele binne 30 dae na ontvangs van die betrokke monster by die Forensiese Wetenskap Laboratorium, aan die NFDD of 'n soortgelyke stelsel verskaf is, sodat dit op die betrokke stelsel gelaai kan word.
- (6) Monsters van alle sake waarby DNS betrokke is, moet ontleed en afgehandel word binne die sperdatums soos bepaal deur die gemagtigde beampte.

8. Versoek vir toegang tot inligting wat op die NFDD gestoor word

- (1) 'n Lid wat verantwoordelik is vir die ondersoek of koördinering van strafregtelike ondersoeke of saakbestuur wat verband hou met die identifikasie van vermiste persone of ongeïdentifiseerde menslike oorskot, mag skriftelik versoek dat vergelykende soektogte vir strafregtelike ondersoekdoeleindes gedoen word en van die uitslag van die soektog of van 'n forensiese DNS ondersoekleidraadverslag voorsien word.

- (2) Alle personeel van die NFDD moet 'n veiligheidsklaring ondergaan.
- (3) Slegs ontleders in die seksie: Forensiese Databasisbestuur van die Kwaliteitskomponent is gemagtig om vergelykende soektogte uit te voer en tot die NFDD toegang te verkry.
- (4) 'n Persoon mag die gemagtigde beampte skriftelik versoek om te bevestig of sy of haar forensiese DNS profiel op die NFDD ingesluit is: Met dien verstande dat 'n persoon eers op 'n vorm, soos deur die Nasionale Kommissaris bepaal, vir 'n gedragsertifikaat aansoek moet doen. Die rekord van vorige veroordelings, indien enige, moet aan die aansoek geheg word.
- (5) Inligtingsbestuur wat verband hou met suksesse, die aantal forensiese DNS profile wat op die NFDD gelaai is en die aantal en soort forensiese DNS leidrade wat uitgereik is, mag met die toestemming van die gemagtigde beampte openbaar gemaak word.

9. Die opvolg van forensiese ondersoekleirade

- (1) Die Afdelingskommissaris: Speurdiens moet nodale punte binne daardie Afdeling vestig om forensiese ondersoekleirade te monitor en onopgeloste forensiese ondersoekleirade met provinsiale kommissarisse op te volg.
- (2) Elke provinsiale kommissaris moet verseker dat forensiese ondersoekleirade, meervoudige oortreders en reekssake wat moord, verkragting, seksuele aanranding en sielkundig-gemotiveerde misdrywe insluit, ondersoek en opgelos word.
- (3) Al die dossiere wat in 'n reekssaak verbind word of waar 'n oortreder by meerdere misdrywe betrokke is, moet verkry word en op die MAS/ICDMS heropen word. Alle bewysstukke moet oorweeg en opgevolg word en 'n profiel van die reeksoortreder moet opgestel word.
- (4) Alvorens die vervolgingsgesag 'n formele besluit geneem het om met 'n vervolging voort te gaan, al dan nie, mag reekssake slegs met die goedkeuring van die betrokke Provinsiale Kommissaris en die Afdelingskommissaris: Speurdiens op MAS/ICDMS afgesluit word.
- (5) Die Afdelingskommissaris: Speurdiens en die Provinsiale Kommissaris moet verseker dat ondersoeke en leidrade oor stasiegrense, en, waar van toepassing, provinsiale grense, kommunikeer en koordineer word. Hy of sy moet ook die identifikasie van sielkundig-gemotiveerde misdrywe (soos

reeksmoorde, reeksverkratings, meervoudige moorde, kindermoorde, seksueel verwante moorde, massamoorde, moordtogte) fasiliteer en met die Sielkundige Ondersoekeenheid skakel wanneer sulke gevalle plaasvind en wanneer reeksmisdade in meer as een provinsie plaasvind.

- (6) Elke taakspan moet alle forensiese ondersoekleidrade konsolideer van sake wat met mekaar verband hou (gebaseer op inligting soos modus operandi, DNS, vingerafdrukke, selfoondata of identikit.)
- (7) Indien oorskakeling tussen verskillende tipes misdrywe geskied (byvoorbeeld wanneer die verdagte oorspronklik verkrating en lateraan moord pleeg), moet gepaste opgeleide en ervare ondersoekers in moord saakbestuur ingesluit word by die aanvanklike taakspan of, indien die dossiere aan 'n ander eenheid oorhandig word (soos Georganiseerde Misdad of Gesinsgeweld, Kinderbeskerming en Seksuele Misdade), mag lede van sodanige eenhede deel vorm van die taakspan om kontinuïteit te verseker.
- (8) Die rol en verantwoordelikhede tussen nasionale en provinsiale taakspanne en gespesialiseerde ondersoekenehede moet duidelik deur die provinsiale kommissaris van die provinsie in oorlegpleging met die Afdelingskommissaris: Speurdiens bepaal word.
- (9) Die taakspan moet —
 - (a) die ondersoek oor stasie- en provinsiale grense en tussen gespesialiseerde ondersoekenehede koordineer; en
 - (b) enige saak ondersoek wat afgesluit is en ten opsigte waarvan daar 'n forensiese ondersoekleidraad bestaan.
- (10) Onderzoekbeamptes moet die modus operandi in hulle sake ondersoek en tendense identifiseer waar dieselfde modus operandi gebruik is, ten einde die oortreder daarmee te verbind. Die ondersoekbeampte moet gevalle waar ondersoek of modus operandi 'n verdagte met verskillende sake verbind, aan die betrokke taakspan rapporteer.
- (11) Die Misdadintelligensie-analisesentrum moet ondersoekbeamptes bystaan deur modus operandi en inligtingversameling om moontlike verdagtes te identifiseer.
- (12) Die ondersoekbeampte moet die Sielkundige Ondersoekeenheid raadpleeg om bystand te verleen met die ondersoek ten einde enige verband tussen gedrag in verskillende sake te bevestig.

- (13) Die ondersoekbeampte moet die aanklaer inlig van enige saak waar forensiese ondersoekleidrade of inligting die verdagte met ander sake verbind.
- (14) 'n Provinsiale kommissaris moet, na oorlegpleging met die Afdelingskommissaris: Speurdiens, 'n nodale punt in sy of haar provinsie vestig om vordering van die taakspanne in sy of haar provinsie in verband met die ondersoek van forensiese ondersoekleidrade te monitor. Die nodale punt moet, ten minste maandeliks, terugvoering aan die nodale punt van die Afdeling: Speurdiens verskaf.
- (15) Die nodale punt by die Afdeling: Speurdiens moet ten minste maandeliks aan die seksiehoof: Forensiese Databasisbestuur terugvoering verskaf oor die vordering met aangemelde forensiese ondersoekleidrade.

10. Vernietiging van DNS verwysingsmonsters en wangholtemonsters

- (1) DNS verwysingsmonsters en wangholtemonsters moet binne 30 dae na ontvangs van die forensiese DNS profiel, of na die monster deur die Forensiese Wetenskap Laboratorium ontleed is, vernietig word.
- (2) Daar moet oor wangholtemonsters beskik word in mediese afval vewyderingshouers wat verbrand word.
- (3) Enige ander oorblyfsel of verwerkte deel van 'n wangholtemonster moet oor beskik word in mediese afval verwyderingshouers en verbrand word.
- (4) Die vernietiging van die wangholtemonsters moet in die laboratorium-saaklêer of gepaste register aangeteken word. Die toepaslike register kan 'n logboek wees of die inligtingstelsel wat in die laboratorium gebruik word om DNS saakbestuur te ondersteun.

11. Kennisgewing van hofbevindings

- (1) Die klerk van die hof sal die gemagtigde beampte inlig van die uitslag van die hofsaak deur 'n vorm SAPD 69 te voltooi en die vorm na afhandeling van die saak in die hof aan die ondersoekbeampte te oorhandig. Die klerk van die hof sal die identiteitsnommer en volle name en van van die beskuldigde en betrokke stasie en MAS/ICDMS-nommer op vorm SAPD 69 aanteken.
- (2) Die inligting, waar van toepassing, wat op die vorm SAPD 69 aangeteken moet word is dat die —
 - (a) saak teen 'n kind ingevolge Hoofstuk 8 van die 'Child

- Justice Act, 2008' (Wet No. 75 van 2008) afgewentel is;
- (b) persoon nie in die hof vervolgt is nie;
 - (c) beskuldigde vrygespreek is;
 - (d) beskuldigde by 'n voorlopige ondersoek vrygespreek is;
 - (e) skuldigbevinding op appèl of hersiening ter syde gestel is; of
 - (f) persoon skuldig bevind is.
- (3) In die geval van 'n skuldigbevinding, moet die volledige besonderhede van die midryf(we), die vonnis, insluitende die besonderhede van die vonnis en tydperk van opskorting (waar van toepassing), op vorm SAPD 69 aangeteken word.
- (4) Die ondersoekbeampte moet die bevinding van die hof op die MAS/ICDMS stelsel aanteken en vorm SAPD 69 verskaf aan die gemagtigde beampte, of 'n persoon deur hom of haar aangewys, om te verseker dat die nodige stappe gedoen word om die inligting op die KRIM-stelsel en NFDD op te dateer.

12. Aansoek vir die verwydering van forensiese DNS profiele van die NFDD

- (1) 'n Persoon wat verkies om sy of haar forensiese DNS profiel te laat verwyder, moet aansoek doen vir 'n gedragssertifikaat op 'n vorm, bepaal deur die Nasionale Kommissaris, om te bevestig dat hy of sy geen rekord van vorige veroordelings het nie.
- (2) Die gedragssertifikaat wat aandui dat die persoon geen vorige veroordelings het nie, moet aan die skriftelike aansoek vir die verwydering van die forensiese DNS profiel geheg word. Die aansoek moet gedoen word op die vorm deur die Nasionale Kommissaris bepaal.
- (3) Die aansoek moet die volgende bevat:
- (a) volledige besonderhede van die aansoeker;
 - (b) die rede waarom die wangholtemonster oorspronklik van die persoon versamel is; en
 - (c) die betrokke stasie en MAS/ICDMS-nommer indien 'n forensiese DNS profiel uit 'n wangholtemonster onttrek is wat in verband met 'n ondersoek geneem is.
- (4) Die Direkteur-Generaal van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, of 'n persoon deur hom of haar aangewys, sal die gemagtigde beampte inlig van veroordelings wat ingevolge artikel 84(2)(j) van die Grondwet, 1996 kwytgestel is. Die gemagtigde beampte of aangewese beampte moet verseker dat rekords van vorige veroordelings wat kwytgestel is, uitgewis word.

- (5) Indien 'n wangholtemonster geneem is van 'n persoon, wat nie gearresteer is nie, omdat daar geglo is dat die forensiese DNS profiel van daardie persoon van waarde kan wees om daardie persoon in- of uit te sluit as pleger van die misdaad, moet die ondersoekbeampte, binne 30 dae na die afhandeling van die saak, die seksiehoof: Forensiese Databasisbestuur in die Afdeling: Forensiese Dienste inlig van die uitslag.
- (6) Indien 'n persoon in die ondersoek van 'n saak ingesluit is, moet die forensiese DNS profiel van daardie persoon in die Onderzoekindeks van die NFDD bly tot die afhandeling van die saak.
- (7) Indien 'n persoon van die ondersoek uitgesluit, of vrygespreek is, moet die forensiese DNS profiel van daardie persoon binne 30 dae na ontvangs van 'n kennisgewing van die ondersoekbeampte dat die saak afgehandel is, van die Onderzoekindeks van die NFDD verwyder word. Die ondersoekbeampte moet, binne 30 dae na afhandeling van die saak, die gemagtigde beampte inlig van die uitslag om hom of haar in staat te stel om die forensiese DNS profiel van daardie persoon te verwyder en hom of haar skriftelik dienooreenkomstig in te lig.

13. Protokol en opleiding in verband met familieverwantskapsoektogte

- (1) Die NFDD-stelsel of 'n stelsel wat ontwikkel is om familieverwantskapsoektogte te doen, kan gebruik word om familieverwantskapsoektogte te doen in verband met forensiese DNS profiele ten einde vermiste persone op te spoor of ongeïdentifiseerde menslike oorskot te identifiseer.
- (2) 'n Berekening van waarskynlikheid mag toegepas word op die uitslag van die familieverwantskapsoektogte om ondersoekleidrade te identifiseer ten einde 'n ondersoekbeampte in staat te stel om —
 - (a) familieledede van naby verwante te ondervra; of
 - (b) ongeïdentifiseerde menslike oorskot te identifiseer.
- (3) Die Afdelingskommissaris: Speurdiens moet, na konsultasie met die provinsiale kommissarisse, bepaalde speurders op nasionale - of provinsiale vlak identifiseer, vir opleiding om ondersoekleidrade, wat by wyse van familieverwantskapsoektogte geïdentifiseer is, te ondersoek en op te volg.
- (4) Die Nasionale Kommissaris is verantwoordelik om 'n opleidingsprogram vir speurders te ontwikkel om forensiese ondersoekleidrade te ondersoek wat by wyse van familieverwantskapsoektogte verkry is.

14. Klagtes aan die Nasionale Raad vir Forensiese Oorsig en Etiek

Die voorsitter van die Raad moet verseker dat 'n —

- (a) klagte wat ingevolge hierdie regulasies aangemeld is behoorlik evalueer en doeltreffend hanteer word;
- (b) klaer met respek en beleefd hanteer word;
- (c) klaer, sover as wat redelikerwys prakties is, bystand ontvang om hom of haar in staat te stel om die prosedure in verband met die aangemelde klagtes te verstaan;
- (d) klaer 'n tydige en gepaste reaksie ontvang; en
- (e) klaer van die uitslag of ondersoek van sy of haar klagte ingelig word.

15. Aanmelding van klagtes

(1) 'n Klagte mag aangemeld word deur 'n persoon wat —

- (a) kennis het, of bewus word van enige onreëlmatigheid in verband met 'n DNS monster of verkryging van 'n forensiese DNS profiel;
- (b) geraak is of waarskynlik geraak sal word deur die optrede, nalate of besluit van die NFDD in verband met die wyse waarop 'n DNS monster of forensiese DNS monster hanteer word of hanteer is;
- (c) kennis het of bewus word van enige veiligheidsbreuk in verband met —
 - (i) die veilige vervoer of stoor van 'n DNS monster;
 - (ii) die veilige vervoer of stoor van 'n forensiese DNS profiel;
 - (iii) die fisiese beveiliging van die NFDD; of
 - (iv) enige ander aangeleentheid of verbreking wat die behoorlike bestuur van DNS monsters, forensiese DNS profiele of die integriteit van die NFDD benadeel of onder verdenking plaas;
- (d) wat kennis verkry van onetiese gedrag deur 'n werknemer in die uitvoering van enige funksie met betrekking tot die NFDD, of wat deur onetiese gedrag geraak is; of
- (e) kennis het van onetiese gedrag deur 'n onafhanklike verskaffer in die verskaffing van dienste soos ooreengekom met die NFDD.

(2) 'n Klagte kan namens 'n persoon aangemeld word deur 'n persoon wat in sub-regulasie (1) vermeld word wat —

- (a) 'n kind is;
- (b) nie in staat is om self die klagte aan te meld nie as gevolg van —
 - (i) fisiese ongeskiktheid; of
 - (ii) verstandelike ongeskiktheid; of
- (c) 'n verteenwoordiger versoek het om namens hom of haar op te tree.

16. Hantering van klagtes

- (1) Die Raad mag klagtes ontvang wat in ooreenstemming met hierdie Regulasies oor enige aangeleentheid waarna in regulasie 15 verwys word, gelê is.
- (2) Die voorsitter moet verseker dat enige klagte wat ingevolge regulasie 15 ontvang is, ooreenkomstig hierdie regulasie hanteer word.
- (3) Die voorsitter moet, binne sewe dae vanaf die ontvangs van 'n klagte, 'n komitee aanstel om die klagte te evalueer en 'n verslag met aanbevelings aan die Raad te stuur.
- (4) 'n Klagte moet binne 12 maande gelê word vanaf die datum waarop die aangeleentheid, wat die onderwerp van die klagte is, plaasgevind het of die datum waarop die aangeleentheid wat die onderwerp van die klagte is, tot die kennis van die klaer gekom het.
- (5) Die tydsbeperking in sub-regulasie (4) sal nie geld nie indien die Raad tevrede is dat —
 - (a) die klaer goeie rede gehad het om nie die klagte binne die tydsbeperking te lê nie; en
 - (b) ten spyte van die vertraging, dit steeds moontlik is om die klagte doeltreffend en regverdig te ondersoek.

17. Aanmelding van 'n klagte

- (1) 'n Lid van die publiek, liggaam of staatsorgaan, insluitende 'n lid van die Diens, wat 'n klagte wil lê, moet die klagte skriftelik aan die voorsitter rig.
- (2) 'n Klagte wat namens 'n ander persoon gelê is, mag by die voorsitter gelê word indien die persoon namens wie 'n klagte gelê word, skriftelik daartoe instem.
- (3) Die vereiste van toestemming sal nie geld indien die persoon namens wie 'n klagte aangemeld is, vir enige rede onbevoeg is om dit te doen, of waar die voorsitter in sy of haar uitsluitlike diskresie, 'n afwyking van hierdie vereiste gemagtig het.
- (4) 'n Klagte moet onderteken word deur die persoon wat die klagte lê of die klaer of sy of haar verteenwoordiger en moet die volgende meld:
 - (a) sy of haar volle name, identiteitsnommer en kontakbesonderhede;
 - (b) die aard van die klagte en die basis vir die bewering;
 - (c) relevante inligting oor die klagte; en
 - (d) die aard van die remedie wat deur die klaer verwag word.

- (5) 'n Skriftelike klagte moet by die voorsitter van die Raad aangemeld word.
- (6) 'n Skriftelike ontvangserkenning van die klagte moet uitgereik word binne 5 (vyf) werksdae na die datum van die ontvangs van die klagte.

18. Klagtes wat anoniem aangemeld word

- (1) Tensy uitsonderlike omstandighede teenwoordig is, mag 'n klagte nie anoniem aangemeld word nie.
- (2) Indien die voorsitter tevrede is dat 'n klagte anoniem aangemeld word, moet die klaer die inligting verskaf waarna in Regulasies 17(4)(b), (c), (d) en 17(5) verwys word.

19. Ontvangs, registrasie, verwerking, verwysing, en afhandeling van klagtes

- (1) 'n Klagte wat buite die mandaat van die Raad val, moet binne sewe dae na ontvangs daarvan, skriftelik na die toepaslike gesag of instelling, wat bevoeg is om so 'n klagte te hanteer, verwys word.
- (2) Indien 'n klagte ooreenkomstig sub-regulasie (1) verwys word, moet die klaer binne sewe dae skriftelik van sodanige verwysing in kennis gestel word.
- (3) 'n Klagte wat binne die mandaat van die Raad val, moet op 'n rekenaargebaseerde register wat vir hierdie doel aangelê is, aangeteken word en die klaer moet skriftelik, binne sewe dae na ontvangs van die klagte, in kennis gestel word dat sy of haar klagte na 'n komitee vir oorweging verwys is.
- (4) 'n Klagte wat ingevolge sub-regulasie (3) aangeteken is, moet binne een maand of binne sodanige ander tydperk as wat die Raad skriftelik mag toelaat, hanteer word.

20. Aanstelling en samestelling van 'n komitee

- (1) Die Raad moet, in ooreenstemming met artikel 15AA(2), 'n komitee, bestaande uit nie meer as drie persone nie, aanstel om 'n klagte te evalueer.
- (2) Die komitee moet 'n persoon insluit wat —
 - (a) kennis en ondervinding het in forensiese wetenskap, indien die klagte verband hou met forensiese wetenskap;
 - (b) kennis en ondervinding het in die regsposisie betreffende menseregte, indien die klagte verband hou met 'n beweerde skending van menseregte; of

- (c) kennis en ondervinding het in etiese aspekte betreffende die forensiese wetenskap, indien die klagte verband hou met beweerde onetiese gedrag.
- (3) Die Raad moet die komitee binne sewe dae na ontvangs van 'n klagte aanstel.

21. Evaluering van 'n klagte

- (1) By die evaluering van 'n klagte, moet die komitee oorweeg of die –
- (a) Raad gemagtig is om die klagte te ontvang en te ondersoek;
 - (b) Diens sy eie ondersoek gedoen het of doen;
 - (c) klaer enige interne remedies uitgeput het;
 - (d) klaer sy of haar reg in 'n hof of ander bevoegde tribunaal uitgeoefen het;
 - (e) klagte onbenullig, beuselagtig, kwelsugtig of te kwader trou gemaak is; en
 - (f) klagte verwys behoort te word na 'n tersaaklike gesag of instelling wat bevoeg is om so 'n klagte te hanteer.
- (2) Indien die komitee van mening is dat bykomende inligting benodig word om 'n behoorlike evaluering te maak, kan die komitee die inligting van die klaer of die gemagtigde beampte van die NFDD versoek.
- (3) By die evaluering van die klagte, is die komitee geregtig op –
- (a) redelike toegang tot die NFDD;
 - (b) toegang tot stelsels wat die bewaring en vernietiging van DNS monsters beheer;
 - (c) toegang tot rekords wat bygehou word in die Afdeling: Forensiese Dienste in verband met die vervoer, berging en vernietiging van DNS monsters;
 - (d) beleid in verband met die beheer oor DNS monsters en forensiese DNS profiele;
 - (e) statistieke in verband met alle DNS monsters wat ontvang, hanteer en forensiese DNS profiele wat geberg, vernietig of van die NFDD verwyder is;
 - (f) regstellende maatreëls wat deur die NFDD in werking gestel is om die faktore wat tot 'n geldige klagte aanleiding gegee het, aan te spreek; en
 - (g) enige ander inligting wat die komitee redelikerwys mag benodig.
- (4) Die gemagtigde beampte van die NFDD moet die inligting waarna in sub-regulasie (3) verwys word, binne (14) veertien dae na so 'n versoek ontvang is, aan die komitee verskaf.

- (5) Die komitee kan skriftelike of mondelinge verhoë van enige persoon of gesag versoek wat na die oordeel van die komitee nodig mag wees vir die behoorlike assessering van die meriete van 'n klagte.
- (6) Enige versoek aan 'n persoon of gesag om 'n voorlegging te maak, moet skriftelik gedoen word by wyse van geregistreerde pos of deur dit per hand direk by die betrokke persoon of die uitvoerende gesag, van die organisasie of staatsorgaan wat oor die inligting beskik, af te lewer.
- (7) Die komitee moet, na oorweging van al die betrokke faktore en beskikbare inligting, skriftelik, binne sewe dae nadat die evaluering gemaak is, aan die Raad verslag doen oor die uitslag van die evaluering.
- (8) Die voorsitter moet die komitee se verslag ter tafel lê vir bespreking by die Raad se volgende vergadering.
- (9) Die Raad mag die komitee versoek om die klagte verder te ondersoek indien die evaluering as onvoldoende beskou word.
- (10) Indien die Raad, na oorweging van die verslag en aanbevelings van die komitee, besluit het dat daar met die klagte voortgegaan moet word, moet die voorsitter, binne tien dae, die besluit skriftelik aan die klaer en enige ander party wat betrokke mag wees, oordra.
- (11) Indien die Raad besluit het om nie met die klagte voort te gaan na oorweging van die verslag en enige aanbevelings van die komitee nie, moet die Raad, binne tien dae nadat so 'n besluit geneem is, die klaer skriftelik van die besluit en die redes vir die besluit, inlig.
- (12) Indien 'n evaluering verband hou met 'n beweerde strafregtelike handeling, moet die Raad die klagte en enige dokumente wat die komitee verkry het, binne tien dae oorhandig aan –
 - (a) die Nasionale Kommissaris vir ondersoek; of
 - (b) 'n relevante owerheid vir verdere optrede en afhandeling.
- (13) Indien 'n klagte na 'n relevante owerheid verwys word, moet die gemagtigde beampte van die NFDD verseker dat volle samewerking, bystand, en ondersteuning aan die betrokke gesag verskaf word.
- (14) Die bevindings en enige aanbevelings van die Raad mag aan die Nasionale Kommissaris of die relevante owerheid oorhandig word vir inligting en vir opvolging.

- (15) Indien 'n evaluering verband hou met 'n handeling van wangedrag, wat vereis dat dissiplinêre stappe teen 'n lid van die Diens of OPOD gedoen word, moet die Raad die klagte en enige dokumente wat die komitee verkry het, tesame met die redes vir die aanbeveling, binne tien dae oorhandig aan –
- (a) die Nasionale Kommissaris vir verdere ondersoek en afhandeling, indien die beweerde handeling van wangedrag verband hou met 'n lid; of
 - (b) die Uitvoerende Direkteur van OPOD vir verdere ondersoek en afhandeling, indien die beweerde handeling van wangedrag met 'n lid van OPOD verband hou.
- (16) Die Nasionale Kommissaris of die Uitvoerende Direkteur, wie ookal betrokke is, moet die Raad se bevindings en enige aanbevelings oorweeg en daaraan uitvoering gee.
- (17) Indien die Nasionale Kommissaris of die Uitvoerende Direkteur versuim of weier om die Raad se aanbevelings te implementeer, moet die Nasionale Kommissaris of die Uitvoerende Direkteur binne 10 dae na ontvangs van die verslag en aanbevelings skriftelik redes vir sodanige versuim of weiering aan die voorsitter verskaf.
- (18) Indien die Raad nie tevrede is met die redes wat verskaf is nie, kan die Raad die verslag en aanbevelings, binne 14 dae nadat die Raad daarvan ingelig is, na die Minister van Polisie verwys.

22. Alternatiewe geskilbeslegting

- (1) Die Raad mag, indien dit in die belang van dienslewering nodig geag word, 'n klagte oplos by wyse van 'n mediasie- en versoeningsproses soos beoog in artikel 15Z(d)(iii) van die Wet.
- (2) Die kan, in oorlegpleging met die klaer en die geaffekteerde party, besluit om die klagte vir oplossing of mediasie en versoening te verwys.
- (3) Indien die informele oplossing of mediasie misluk, mag die Raad die aangeleentheid waaroor die klagte handel, vir leiding na die Minister verwys.
- (4) In die geval waar 'n misdaad na bewering gepleeg is deur 'n persoon wat aan 'n evaluering onderwerp is, moet die Raad die betrokke aangeleentheid na die betrokke owerhede verwys vir verdere optrede.

- (5) Die Raad moet verseker dat aanbevelings in verband met dissiplinêre stappe verwys word na —
- (a) die Nasionale Kommissaris;
 - (b) die Uitvoerende Direkteur; of
 - (c) enige ander relevante gesag.

23. Verslae

- (1) Die verslag, beoog in artikel 15AA(5), met aanbevelings oor dissiplinêre stappe teen 'n lid van die Diens, 'n lid van OPOD of enige ander relevante owerheid moet, waar van toepassing, aan die Nasionale Kommissaris, die Uitvoerende Direkteur van OPOD of die hoof van die relevante uitvoerende owerheid, oorhandig word.
- (2) Die Nasionale Kommissaris, die Uitvoerende Direkteur van OPOD of die hoof van die relevante owerheid aan wie die verslag oorhandig is, moet die voorsitter, binne een maand na ontvangs van die aanbevelings, van 'n skriftelike verslag oor die uitslag van die dissiplinêre stappe voorsien.
- (3) Die voorsitter moet verseker dat 'n verslag opgestel word oor die status van alle klagtes wat ontvang en evalueer is, insluitende, maar nie beperk nie tot, enige stelsel aangeleentheid wat neerkom op magismisbruik, onbehoorlikheid of vooroordeel van enige persoon of gemeenskap wat 'n klagte gelê het.
- (4) Die voorsitter moet verseker dat half-jaarliks aan die Minister verslag gedoen word oor klagtes waarna in sub-regulasie (5) verwys word.
- (5) Die verslag beoog in artikel 15Z(6) van die Wet moet die volgende inligting bevat:
- (a) die aantal klagtes wat die Raad ontvang het;
 - (b) die aard van die klagtes wat ontvang is;
 - (c) die aantal klagtes wat die Raad as gegrond bevind het;
 - (d) die aantal klagtes wat verwys is na —
 - (i) die Nasionale Kommissaris;
 - (ii) die Uitvoerende Direkteur van OPOD; en
 - (iii) enige ander relevante owerheid; en
 - (e) 'n opsomming van —
 - (i) die onderwerp van die aangeleentheid of klagtes wat die verantwoordelike liggaam ontvang het;
 - (ii) enige aangeleentheid van algemene belang wat uit daardie klagtes voortspruit, of die wyse waarop die klagtes hanteer is; en
 - (iii) enige aangeleentheid waar daar opgetree is of opgetree moet word om diens te verbeter as gevolg van sodanige klagtes.

- (6) Die verslag bedoel in artikel 15Z(6) van die Wet, moet so gou as wat redelikerwys prakties is, aan enige owerheid gestuur word wat regtens verantwoordelik is vir regulering van die beskerming van persoonlike inligting.

24. Register

- (1) Die voorsitter moet verseker dat alle klagtes gekategoriseer en in 'n register bygehou word.
- (2) Die register moet die volgende bevat:
- (a) Besonderhede van elke klagte wat aangemeld is;
 - (b) besonderhede van die aard en kategorie van elke klagte;
 - (c) die datum van ontvangs van die klagte;
 - (d) die datum van verwysing van die klagte na die komitee vir evaluering;
 - (e) die uitslag van die evaluering van elke klagte; en
 - (f) die uitslag van dissiplinêre stappe wat aanbeveel is.

25. Openbare bewusmaking

Die Raad moet inligting aan die publiek beskikbaar stel aangaande die —

- (a) reëlins vir die hantering van klagtes; en
- (b) wyse waarop bykomende inligting oor daardie reëlins verkry kan word.

26. Toegang tot die forensiese DNS profiel en misdaadtoneelmonster vir doeleindes van vryspraak

- (1) Enige persoon wat glo dat hy of sy verkeerdelik aan 'n misdryf skuldig bevind is, mag die gemagtigde beampte skriftelik versoek om toegang tot die forensiese DNS profiel wat van die misdaadmonster onttrek is en na die Forensiese Wetenskap Laboratorium gestuur is.
- (2) Die versoek moet die betrokke stasie- en saaknommer vermeld ten opsigte waarvan daar beweerd word daar 'n foutiewe skuldigbevinding gemaak is en die versoek moet gronde uiteensit waarom die forensiese DNS profiel vereis word.
- (3) Die gemagtigde beampte, of 'n persoon deur hom of haar aangewys, moet die versoek binne 30 dae oorweeg. Indien 'n versoek geweier word, moet skriftelike redes verskaf word.

27. Forensiese bewusmaking, ondersoek en ondersoek ingrypings

- (1) Die Nasionale Kommissaris moet gepaste maatreëls tref om 'n forensiese bewusmakingsprogram vir polisiebeamptes en die publiek te implementeer.

- (2) Die Afdelingskommissaris: Menslike Hulpbrononwikkeling moet, na oorlegpleging met die gemagtigde beampte, opleidingsprogramme ontwikkel om te verseker dat polisiebeamptes van die Afdelings: Sigbare Polisiëring en Speurdiens opgelei word oor die bepalinge en toepassing van die Wet.
- (3) Die gemagtigde beampte moet personeel aanwys om opleidingsprogramme te ontwikkel en te verseker dat misdaadtoneelondersoekers opgelei word in die —
 - (a) prosessering en ondersoek van verskillende tipes misdaadtonele;
 - (b) uitvoering van voorlopige toetse vir liggaamsvloeistowwe;
 - (c) wyse waarop die integriteit van 'n misdaadtoneel behoorlik beveilig en behou moet word;
 - (d) bewyswaarde en verpakking van bewysmateriaal; en
 - (e) bepalinge van die Wet.
- (4) Die gemagtigde beampte moet met die Nasionale Vervolgingsgesag skakel en, indien hy of sy versoek word, bystand verleen ten opsigte van die opleiding van aanklaers in forensiese bewysstukke en die uitleg van forensiese verslagbevindings.

28. Inligtingstegnologie-infrastruktuur en stelsels

- (1) Die Afdelingskommissaris: Tegnologiese Bestuursdienste moet, na oorlegpleging met die gemagtigde beampte, inligtingstegnologiesestelsels implementeer en in stand hou om —
 - (a) 'n doeltreffende DNS ondersoekdiens te ondersteun;
 - (b) te verseker dat doeltreffende stelseloplossings in stand gehou word vir die aantekening van vingerafdruknommers en wangholtemonsters, tesame met die verdagte se inligting op die MAS/ICDMS- en KRIM-stelsels;
 - (c) die vergelykende soektog, nagaan van kandidaat forensiese ondersoekleirade, verbinding van forensiese DNS ondersoekleirade met ander forensiese ondersoekleirade, rapportering van forensiese DNS ondersoekleirade en administrasie van die NFDD uit te voer;
 - (d) voorsiening te maak vir voldoende stelseloplossings om die kombinasie bestuur en rapporting van verskillende forensiese ondersoekleirade (soos forensiese DNS, ballistiek en vingerafdrukke) aan die ondersoekbeamptes op die MAS/ICDMS en BI stelsels te ondersteun; en
 - (e) voorsiening te maak vir voldoende stelseloplossings om lede van die Speurdiens te voorsien van funksionaliteit om onopgeloste reeks- en meervoudige oortredersake te

bestuur en 'n profiel op te stel van persone en verdagtes wat deur forensiese ondersoekleidrade geïdentifiseer is.

- (2) Die inligtingstegnologiesistelsels van DNS ondersoek en stelsel-oplossings vir die NFDD moet voldoende veiligheidsmaatreëls hê om ongemagtigde toegang te voorkom en data integriteit te handhaaf (insluitende jaarlikse risiko-evaluering en voldoende rampherstelmaatreëls). Die Afdelingskommissaris: Tegnologiese Bestuursdienste moet jaarliks aan die Raad verslag doen oor maatreëls wat gedoen is om die integriteit van die data op die saakwerk stelsels en NFDD stelsel te verseker.
- (3) Die Afdelingskommissaris: Tegnologiese Bestuursdienste moet, in oorleg met die Besturende Direkteur van die Staatsinligtingstegnologie-Agentskap, verseker dat risiko-evaluering op die data integriteit, toegang en veiligheid, insluitende rampherstelvermoë binne 60 dae na die inwerkingtreding van die Wet, op die stelseloplossing van die NFDD, KRIM, MAS/ICDMS, DE-STRIlab, AFIS, IBIS, FSL admin, PCEM en ander forensiese stelsels gedoen word.
- (4) 'n Risiko-evaluering moet jaarliks gedoen word om die data integriteit en veiligheidsmaatreëls te verseker.
- (5) Die risiko-evalueringverslag moet bestaande industriestandaarde in ag neem, tekortkominge identifiseer en die maatreëls aanbeveel om die tekortkominge en beste praktyke aan te spreek. Die risiko-evalueringverslag en die implementeringsplan om die geïdentifiseerde tekortkominge aan te spreek en op te los, moet binne 30 dae nadat die risiko-evaluering gedoen is, aan die Minister van Polisie gestuur word.
- (6) Die Afdelingskommissaris: Tegnologiese Bestuursdienste en die Besturende Direkteur van die Staatsinligtingstegnologie-Agentskap moet kwartaaliks aan die Minister van Polisie verslag doen oor die vordering met die minimalisering van risiko's wat geïdentifiseer is.

29. Algemeen

- (1) Die Afdelingskommissaris: Menslike Hulpbronontwikkeling moet verseker dat gemagtigde persone behoorlik opgelei is in die neem van wangholtemonsters.
- (2) Die Afdelingskommissaris: Speurdiens moet, —
 - (a) binne 90 dae na die inwerkingtreding van die Wet, 'n lys van die Departement van Korrektiewe Dienste verkry van oortreders wat 'n vonnis van gevangenisstraf ten opsigte van misdrywe waarna in Bylae 8 verwys word, asook

- persone wat op parool of korrektiewe toesig vrygelaat is ten opsigte van misdrywe waarna in Bylae 8 verwys is;
- (b) 'n aksieplan saamstel vir implementering ter ondersteuning van die neem van wangholtemonsters van persone waarna in sub-regulasie (a) verwys word, en persone wat ingevolge die Strafproseswet verhoorafwagting is; en
 - (c) skakel met die gemagtigde beampte om te verseker dat forensiese DNS profiele van persone waarna in sub-regulasies (a) en (b) verwys word, in die NFDD ingesluit is.
- (3) Die Nasionale Kommissaris moet, binne 90 dae na die inwerkingtreding van die Wet, verseker dat evauleringsinstrumente gevestig word om die doeltreffendheid en tydige nakoming te meet van die —
- (a) indiening van wangholte- en misdaadtoneelmonsters vir ondersoek by die Forensiese Wetenskap Laboratorium;
 - (b) verrigting van forensiese DNS ontleding van wangholtemonsters en misdaadtoneelmonsters; en
 - (c) reaksie op en opvolging van onopgeloste forensiese ondersoekleidrade.
- (4) Die Nasionale Kommissaris moet verseker dat sake heropen en toepaslik aangedui word in die saakdossierdagboek van die MAS/ICDMS wanneer forensiese ondersoekleidrade geïdentifiseer is.
- (5) Indien 'n forensiese ondersoekleidraad gerapporteer is, mag die saak slegs met die instemming van die speurbevelvoerder op die MAS/ICDMS afgesluit word mits onopgeloste ondersoekleidrade ondersoek en opgevolg is.
- (6) Die gemagtigde beampte moet, in oorlegpleging met die Afdelingskommissaris: Tegnologiese Bestuursdienste, 'n nasionale sentrale bewaarplek vir forensiese dier-DNS profiele vestig. Toegang tot hierdie bewaarplek mag verleen word aan toetsingslaboratoriums wat forensiese DNS ontleding van diere uitvoer.
- (7) Die gemagtigde beampte mag nasionale standaarde bepaal vir toetsingslaboratoriums wat forensiese DNS ontleding op diere uitvoer en mag navorsing met akademiese instellings en ander fasiliteite bevorder om prosedures, beste praktyke en wetenskaplike metodes te ontwikkel om DNS van diere vir forensiese doeleindes van misdaadondersoek te identifiseer.
- (8) Die Direkteur-Generaal van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling moet maandeliks aan die gemagtigde beampte, of persoon deur hom of haar aangewys, die

besonderhede verskaf van persone wie se name in die Nasionale Register vir Seks-Oortreders (waarna in artikel 50(1) van die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2008 (Wet No. 32 van 2008) verwys word) ingesluit is.

- (9) Die Nasionale Kommissaris moet, in oorlegpleging met die Departement van Openbare Werke, verseker dat voldoende forensiese fasiliteite verskaf en instand gehou word ooreenkomstig die toepaslike akkrediteerstandaarde.
- (10) Die Direkteur-Generaal van Openbare Werke moet jaarliks, na oorlegpleging met die gemagtigde beampte, die Minister van Polisie voorsien van 'n risiko-beoordeling van die laboratorium fasiliteite vir forensiese dienste, wat die volgende aangeleenthede aanspreek:
- (a) die kwaliteit en geskiktheid van die fasiliteite;
 - (b) instandhoudingsmaatreëls ter ondersteuning van die bruikbaarheid van die fasiliteite;
 - (c) die wyse waarop tekortkominge, wat in die risiko-evaluering geïdentifiseer is, aangespreek sal word;
 - (d) stappe wat gedoen is om te verseker dat die akkrediteerstatus van die kwaliteitsbestuursprogram van die forensiese dienste nie negatief beïnvloed sal word deur die toestand van die fasiliteite nie;
 - (e) die opknapping van fasiliteite om die implementering van nuwe tegnologieë en instrumentasie te ondersteun om forensiese dienste te verbeter; en
 - (f) verskaffing van voldoende stoorfasiliteite vir die veilige bewaring van bewysstukke en saaklêers en maatreëls instel om te verseker dat die bewysstukke en saaklêers wat gestoor word, nie in gevaar gestel word nie.
-

IMPORTANT Reminder from Government Printing Works

Dear Valued Customers,

As part of our preparation for eGazette Go Live on 9 March 2015, we will be suspending the following existing email addresses and fax numbers from **Friday, 6 February**.

Discontinued Email addresses	Discontinued Fax numbers
GovGazette&LiquorLicense@gpw.gov.za	+27 12 334 5842
Estates@gpw.gov.za	+27 12 334 5840
LegalGazette@gpw.gov.za	+27 12 334 5819
ProvincialGazetteGauteng@gpw.gov.za	+27 12 334 5841
ProvincialGazetteECLPMPNW@gpw.gov.za	+27 12 334 5839
ProvincialGazetteNCKZN@gpw.gov.za	+27 12 334 5837
TenderBulletin@gpw.gov.za	+27 12 334 5830

To submit your notice request, please send your email (with Adobe notice form and proof of payment to submit.egazette@gpw.gov.za or fax +27 12-748 6030.

Notice requests not received in this mailbox, will **NOT** be processed.

Please **DO NOT** submit notice requests directly to your contact person's private email address at GPW – Notice requests received in this manner will also **NOT** be processed.

GPW does not accept responsibility for notice requests submitted through the discontinued channels as well as for the quality and accuracy of information, or incorrectly captured information and will not amend information supplied.

Thank you!

For any queries, please contact the eGazette Contact Centre.



info.egazette@gpw.gov.za (only for queries).

Notice requests received in this mailbox will **NOT** be processed.



012-748 6200

We are here
for YOU!



eGazette



Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058
Advertisements: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211
Subscriptions: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057